HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID: BOELIE

Inhoud

BELEID: BOELIE 2

1. Wat is boelie? 2
2. Die aard van boelie 2
3. Ondersoek en aanmelding van boeliegedrag 2
4. Implementeer formatiewe gevolge 3

BELEID: BOELIE

Doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat boeliegedrag op 'n innemende en gepaste manier hanteer word deur die mense wat daarvoor verantwoordelik is om individue wat teikens van boeliegedrag is, te beskerm.

1. Wat is boelie?

Boelie is die skending van verskeie regte.

Dit kom voor wanneer ‘n kind of groep kinders die mag waaroor hulle beskik, herhaaldelik misbruik om met **opset** seer te maak, te verwerp of die regte van ander aan te tas.

2. Die aard van boelie

Hieronder is 'n paar voorbeelde. Dit is 'n poging om soveel voorbeelde as moontlik te lys, maar dit is nie beperk tot die lys wat ingesluit is nie.

2.1 **Fisies:** Stoot, krap, met die skouer stamp, slaan, byt, hare trek, skop, ongewenste aanraking, geld eis, ens.

2.2 **Verbaal:** Name noem, terg, spot, vloek, negatiewe opmerkings, dreigemente, die maak van dreigoproepe, ens.

2.3 **Sielkundig:** Om kinders te dwing om dinge teen hul sin te doen, intimidasie, rol van die oë, om iemand te intimideer, ens.

2.4 **Kuberboelie:** Sosiale media, internetgebaseerde kommentaar, asook afbrekende uitsprake, illustrasies, grafiese voorstellings en kwaadwillige foto's/video's.

3. Ondersoek en aanmelding van boeliegedrag

In alle gevalle waar boeliegedrag vermoed word of ‘n aantyging gemaak word, moet slagoffers, leerders, opvoeders en ander personeellede die inligting (insident) by die Skoolbestuurspan aanmeld.

3.1 Aparte onderhoude moet met die boelie/boelies en die slagoffer gevoer word ten einde hulle kant van die storie aan te hoor.

3.2 ‘n Ondersoek moet plaasvind en die insident moet in die insidenteregister aangeteken word.

3.3 Die tyd en datum van die insident en die partye wat betrokke is, moet aangeteken word.

3.4 Stappe moet ingestel word om die situasie reg te stel en om te verhoed dat hierdie tipe insident weer plaasvind.

3.5 Die persoon wat die saak ondersoek, moet die ouers van die oortreder en die ouers van die slagoffer kontak en terugvoer moet gegee word oor die manier waarop dit hanteer is.

3.6 Die persoon wat die saak ondersoek het, moet ook die adjunkhoof van die fase in kennis stel en die skoolhoof oor die insident en hoe dit hanteer is.

3.7 As die persoon wat die saak ondersoek, dink dat dit sal help, moet hy/sy dit aan die betrokke sielkundige rapporteer vir verdere hulp.

3.8 Bewyse moet so ver as moontlik ingewin en gestoor word.

4. Implementeer formatiewe gevolge

Alle leerders wat boelie, moet aanspreeklik gehou word vir hulle gedrag. Dit sal ‘n duidelike boodskap oordra dat boelie nie aanvaarbaar is nie.

4.1 Sekere voorregte kan die boelie ontneem word, volgens die riglyne van die skool se dissiplinêre stelsel.

4.2 Die skoolsielkundiges kan berading toepas vir sowel die boelie as die slagoffer.

4.3 In uiterste gevalle kan ‘n lewensvaardigheidsprogram aanbeveel word (kan in Lewensoriëntering plaasvind) wat die leerders met die toepaslike lewens-vaardighede kan toerus.

4.4 Die Jeugsorgwerker en Maatskaplike Werker kan ook gevra word om toepaslike programme te onderneem.

4.5 Portuurgroepe kan ook betrek word om sekere doelwitte/rolspel te bereik.

4.6 In gevalle van herhaalde boeliegedrag en/of ernstige gevalle, moet 'n tugverhoor geskeduleer word.

4.7 As die insident van so ‘n aard is dat dit die Suid-Afrikaanse Grondwet en Wetgewing oortree, bv. seksuele manipulasie of liggaamlike beserings, moet die polisie betrek word en ‘n dossier geopen word, sodat die reg sy loop kan neem.